

Leef uit jou Doop: 8.4 Besware teen die bekeringsdoop

Leef uit jou Doop: 8.4 Besware teen die bekeringsdoop – Adrio König

8.4 Besware

Daar sal seker besware wees teen so 'n bekeringsdoop. Die sterkste beswaar sal seker wees dat dit verwarring sou kon skep asof die kerk iemand "twee keer doop". Dit sal natuurlik die waarheid wees, maar die bekeringsdoop is nie 'n herhaling van die Christelike doop nie.

Dit kan nie in beginsel verkeerd wees om iemand twee keer te doop nie. Wat dan van Paulus? (Hand 19:1-6) Dit is net verkeerd om die *Christelike* doop te herhaal omdat dit daarin gaan om God se werk in ons lewe.

Trouens so 'n doop in 'n erediens sou die heerlikste geleentheid skep om die verskil te verduidelik tussen 'n doop wat 'n sakrament is omdat God daarin handel, en 'n doop wat net 'n mens se reaksie op God se genade is. Dit sou ook 'n geleentheid wees om die verbond te verduidelik: twee kante: God en mens, maar die inisiatief kom altyd van Hom. Daarom eers die Christelike doop, en dan die bekeringsdoop.

Dit moet egter duidelik wees dat dit net gaan om mense wat die volle waarde van hulle eerste (Christelike) doop erken. En dit geld twee groepe:

- ♦ lidmate van die historiese kerke wat deur 'n tweede doop wil getuig van hulle oorgawe aan die Here,
- ♦ en lidmate van Pinkster-, Charismatiese, of Baptistekerke wat ook probleme met hulle eerste (Christelike) doop ontwikkel het en deur 'n tweede doop wil getuig dat hulle nou in die regte verhouding met die Here is.

Intussen moet dit duidelik wees dat hierdie oproep om mense 'n tweede keer te doop, nie uit 'n suiwer teologiese motief kom nie, en daarom nie as noodsaaklik beskou kan word en 'n algemene reël behoort te word nie. Dit kom uit 'n pastorale bewoëheid

met lidmate wat oortuigings het wat nie mooi inpas in dié van hulle kerkgenootskap nie. Dit is iets soos 'n noodmaatreël om hulle tegemoet te kom sodat hulle deel van die gemeente kan bly en sinvol verder begelei kan word op hulle pad met die Here, miskien ook tot selfs nog 'n voller verstaan van die doop.



Mens wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike doop. Leef uit jou Doop (2011) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die doop.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Leef uit jou Doop: 8.3 'n Tweede doop as bekeringsdoop

Leef uit jou Doop: 8.3 'n Tweede doop as bekeringsdoop – Adrio König

8.3 'n Tweede doop as 'n bekeringsdoop

'n Bekeringsdoop is nie 'n herhaling van die Christelike doop nie eenvoudig omdat die Christelike doop nie 'n bekeringsdoop is nie, maar 'n sakrament, God se gawe aan ons. In 'n bekeringsdoop antwoord ek, aanvaar ek wat God my in my Christelike doop (klein of groot) gegee het.

Maar dit beteken dat die bekeringsdoop op 'n bepaalde wyse bedien moet word. Dit word nie bedien "In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" nie omdat dit dan 'n Christelike doop sou wees. Dit word eerder bedien in die naam van die persoon wat gedoop word. Die doper sou iets kon sê soos:

♦ " Jy getuig dat jy die Here Jesus as jou Verlosser aangeneem het/dat jy 'n nuwe oorgawe aan die Here Jesus gemaak het. Daarom doop ek jou as deel van jou getuienis. Jy verklaar jy het die genade en die verlossing aanvaar wat God in jou Christelike doop aan jou gegee het, en jy vertrou net op Jesus as jou Verlosser."

♦ Dit sou ook gepas wees as die gedoopte persoon dan iets vertel van sy/haar verhouding met die Here.



Mens wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike doop. Leef uit jou Doop (2011) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die doop.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Leef uit jou Doop: 8.2 Lidmate se behoefte

Leef uit jou Doop: 8.2 Lidmate se behoefte – Adrio König

8.2 Lidmate se behoefte

Kom ons gaan nou terug na die lidmate in die historiese kerke wat nog 'n keer gedoop wil word. Wat vra hulle eintlik? Uit die ondersoek waarna reeds verwys is, het dit duidelik geword dat daar eintlik hoofsaaklik twee groepe is,

- ♦ Die groep wat die kinderdoop verwerp
- ♦ Die groep wat nog die kinderdoop aanvaar, maar iets ekstra seek.

Die tweede groep het meer as die helfte van die steekproef verteenwoordig (53%) wat beteken *meer as die helfte van die lidmate wat oorgedoop is, erken nog die betekenis van die kinderdoop!*

Wat gaan hier aan? Eintlik is dit nie so vreemd nie. Wat hulle seek, is presies dit waarvan hulle by die Pinksterkerke hoor: 'n bekeringsdoop. Ons het vroeër al gesien die Pinksterkerke het 'n ander siening van die doop as die Gereformeerde wêreld (1.3). Hulle praat graag van bekeringsdoop of belydenisdoop of geloofsdoo. Al hierdie terme wys in dieselfde rigting: Dit gaan in die doop oor wat *ons* doen, *ons* geloof, *ons* belydenis, *ons* bekering. Daarteenoor staan die betekenis wat ek meen ons in die Bybel kry: Die doop as *God* se werk in ons lewe.

Sommige van die NG Kerk se lidmate kry nou 'n besondere geestelike ervaring. Hulle kom vir die eerste keer tot 'n ware oorgawe aan die Here Jesus, of hulle kom tot 'n geestelike verdieping. En nou wil hulle daarvan getuig. En hulle het by Pinkster gehoor as jy jou bekeer, moet jy gedoop word om te getuig van jou bekering en jou geloof. Hulle lees dan ook in die Bybel elke keer van mense wat tot geloof gekom en

hulle bekeer het en wat dan gedoop word. En hulle verstaan dit in die lig van die Pinksterkerke se bekeringsdoop.

Dit is volkome verstaanbaar dat sulke persone dan vra om gedoop te word. Hulle is volkome oortuig dit is die wil van die Here. Hulle voel hulle kry dit direk uit die Bybel.

Intussen aanvaar die helfte van hulle nog hulle kinderdoop. Waarom? Waarskynlik onthou hulle nog iets daarvan dat die Here in hulle (kinder-)doop sy hand op hul lewe gelê het. En nou voel hulle waarskynlik dat die doop waarvoor hulle nou vra, direk hierby aansluit: Hulle wil nou antwoord op God se inisiatief in hulle eerste doop, hulle wil nou bely dat hulle eerste doop in hulle lewe 'n werklikheid geword het, dat hulle hulle bekeer het. Dit is dan ook presies wat die Pinksterkerke hulle bied: 'n bekeringsdoop.

Waarom gee ons dit nie self vir hulle nie?



Mens wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike doop. Leef uit jou Doop (2011) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die doop.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Leef uit jou Doop: 8.1 Baie verskillende dope

Leef uit jou Doop: 8.1 Baie verskillende dope – Adrio König

8.1 Baie verskillende dope

Vir hierdie hoofstuk moet 'n mens jou kop laat draai. Tot sover gaan die hele boek oor die “doop”. In werklikheid gaan dit oor die *Christelike* doop. Maar ons het dit so vanselfsprekend geneem dat ons nie eens daaraan gedink het dat daar ook ander vorms van doop is of was nie.

In die tyd van Jesus was daar minstens drie ander vorms van doop.

- ♦ Die doop van Johannes die dooper.
- ♦ Die doop van Jesus se dissipels.
- ♦ Die Jode se proseliete-doop.

Ons het alreeds aan Johannes se doop aandag gegee juis om te toon dat dit nie dieselfde was as die Christelike doop wat Jesus aan die einde van sy aardse bediening ingestel het nie (5.2). Ons lees net een keer van die doop van die dissipels van Jesus (Joh 4:1-2). Ons weet verder niks daarvan nie. En uit die geskiedenis weet ons ook die Jode het heidene gedoop wat soos hulle in die Here geglo het. Aan die einde van sy lewe op aarde stel Jesus dan 'n *nuwe* doop in, die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Matt 28:19). Onthou dit was terwyl daar al klaar drie ander dope in omloop was.

In hierdie hoofstuk gaan ons nou bewustelik hiermee rekening hou: *daar is meer as een soort doop*. Toe ons tot hiertoe van die “doop” gepraat het, het ons een spesifieke soort doop bedoel: die *Christelike* doop, die doop wat nog nie bestaan het tydens Jesus se aardse bediening nie, die doop wat Hy eers aan die einde instel. Wanneer die apostels in hulle Briewe oor die “doop” skryf, en al die wonderlike

betekenis van die doop uitwerk, is dit hierdie doop, nie die ander drie nie. Daar is radikale verskille tussen hierdie Christelike doop en die ander.

- ♦ Nie een van die ander is bedien met die formule: “In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees” nie.
- ♦ Nie een van die ander het mense met Christus verenig nie. Hulle kon ook nie, want hulle is bedien terwyl Jesus nog geleef het, en daarom kon hierdie doop mense nie met sy kruisiging, sterwe, begrafnis en opstanding verenig het nie – een van die belangrikste betekenis van die Christelike doop.
- ♦ In al drie hierdie doop het dit gegaan oor wat die mens doen, en in nie een oor dit wat God doen nie. Dus was nie een van hulle ’n sakrament nie.

Wat is ons gevolgtrekking? *Daar is meer as een soort doop.*



Mens wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike doop. Leef uit jou Doop (2011) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die doop.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)